# BAIE BELANGRIK!!!
# ALLE SKUTS MOET ASSEBLIEF LEES.

## <u>VEILIGHEID en WENKE.</u>

## Luggewere is nie speelgoed nie en is gevaarlik.

**Algemeen**

1. Lees jou geweer se instruksieboek noukeurig.
2. Behalwe wanneer jy onder die baanoffisier se jurisdiksie is moet gewere nie gespan wees nie.
3. Daar moet nie ammunisie in die loop wees nie.
4. Moet nooit 'n geweer na iemand rig nie, nie eers 'n speelgoedgeweer of pistool nie ....**nooit!!!**
5. Hanteer elke geweer asof dit gelaai is
6. Moet nooit jou geweer sonder toesig los nie.
7. Luggewere mag vir jagdoeleindes nie gebruik word nie, SANSSU skuts respekteer altyd die natuur en die Wet..

**Veiligheidsknippe**

8. Moet nie staatmaak op veiligheidsknippe nie ...hulle is meganies en kan faal

**Oorhandig gewere aan iemand anders**

9. Moet nooit 'n geweer aan iemand oorhandig indien u nie self nagaan of die geweer veilig is nie.
10. Moet nooit 'n geweer by iemand vat nie as jy nie self seker maak dat hy nie gelaai is nie.
11. Moet nie 'n geweer aan iemand oorhandig wat nie opgelei is om gewere te hanteer nie

**Vervoer van Gewere**

12. Gewere moet in sakke of kaste vervoer of gedra word.

**Geweer hantering**

13. Moet nie 'n geweer hardhandig hanteer nie .
14. Moet nie ‘n geweer neergooi op die skiettafel as jy omgekrap is nie.

**Skietlokale**

15. Skietlokale moet goed geventileer wees. Loodstof is gevaarlik... baie gevaarlik!!!!

**Skietbaan**

16. Moet nooit jou vinger op die sneller plaas as jy nie van plan is om op daardie oomblik te skiet nie.
17. Toeskouers moet minstens 3 meter agter jou wees wanneer jy skiet. Hulle moet ook veiligheidsbrille dra.
18. Maak seker dat jy na 'n veilige koeëlvanger skiet.
19. Maak seker dat niemand voor die skietpunt is wanneer geskiet word nie.

PDF Created with deskPDF PDF Writer - Trial :: http://www.docudesk.com

20. Alleenlik wanneer 'n baan **veilig** verklaar word kan jy vorentoe gaan.
21. Wanneer 'n baan **toe** verklaar is is die baan nie meer veilig nie en mag niemand vorentoe beweeg nie totdat die baan deur die baanoffisier weer **veilig** verklaar word.
22. Maak seker jy verstaan die baanoffisier se bevele en vra as jy nie verstaan nie.
23. Gebruik altyd veiligheidsbrille wanneer geskiet word.
24. Die aksie moet oop wees en 'n oopaksie vlaggie of " weedeater" lyn moet in die kamer en loop geplaas word om vir almal te wys dat jou geweer veilig is .**Wanneer jy nie onder die baanoffisier se jurisdiksie is nie!!!!** Dit geld vir veergewere ook.

**Geweersnelheid**

25. Vir skyfskiet doeleindes moet die luggewere se trompsnelheid nie meer wees as 600 voet per sekond wees nie.

**Onderhoud**

26. Pas jou geweer op..
27. Na elke 500 rondtes trek 'n lappie deur die loop met 'n deurtrekker. As 'n skoonmaakmiddel vir die binnekant van die loop nodig is gebruik **mediese alkohol** wat in apteke beskikbaar is ....die loop moet daarna met skoon lappies deurtrek word totdat dit droog is en nie vlekke van lood wys nie.
28. Die tromp van die loop bevat 'n kroontjie...waar die loop eindig...moet hierdie kroontjie nie seermaak nie want dit sal jou geweer se akkuraatheid nadelig beinvloed. Wees versigtig in die skoonmaakproses!!!!
29. Moet nooit jou hand oor die tromp van die geweer plaas nie.
30. Moet nie 'n geweer skoonmaak as jy nie seker is dat dit nie gelaai is nie.
31. Moet onder geen omstadighede **olie** in 'n geweer se **kamer of loop** gebruik sonder om seker te maak dat dit die korrekte olie is nie. Skoonmaakolie soos wat gebruik word in senterslag of randslag gewere is **lewensgevaarlik** want dit kan onder druk ontplof. Gebruik net dun masjienolie en droog daarna goed af
32. Moet geen geweer uitmekaar haal nie of aan die sneller peuter nie as jy nie presies weet wat jy doen nie.
33. As jou geweer roes neem dit na 'n gekwalifiseerde geweersmid. Moet gewere nie in drakaste stoor nie...hulle roes.
34. Nadat geskiet is moet jy jou geweer veral die staal gedeelte afdroog met 'n skoon lappie of een wat minimale masjienolie bevat om roes te voorkom.
35. Veergewere se vere hou nie vir altyd nie en moet ook soos die ander gewere gereeld nagegaan word.
36. Die druksilinders op gewere moet minstens elke twee jaar nagegaan word vir defekte.
37. .. Onderhoud en reperasies aan luggewere moet net deur opgeleide personeel gedoen word.
38. Maak altyd seker dat skroewe vas is voordat geskiet word. Moet nie skroewe so vas draai dat jy iets beskadig nie.
39. Veergewere se vere breek as die geweer gevuur word sonder dat daar 'n koeëltjie in die loop is nie.

PDF Created with deskPDF PDF Writer - Trial :: http://www.docudesk.com

**Reparasies**

40. Afrigters en skuts moet asseblief nie modifikasies aanbring of gewigte aan gewere sit as hulle nie weet wat hulle doen nie.
41. Moet nooit 'n geweer by iemand vat nie as jy nie self seker maak dat hy nie gelaai is nie.
42. Moet nie 'n geweer aan iemand oorhandig wat nie opgelei is om gewere te hanteer nie.

**Lugsilinders(Duik)**

43. .Duiksilinders moet net deur opgeleide personeel hanteer word.
44. Duiksilinders moet nie op die skietpunt of naby toeskouers geberg word nie.
45. Duiksilinders moet nie in warm son gelstoor word nie.
46. Duiksilinders moet vasgemaak word as hulle in voertuie vervoer word.
47. Duiksilinders moet volgens regulasies gereeld nagegaan word..
48. Die gebruik van hoëdruk kompressors deur **ongelisensieërde operateurs** is onwettig.
49. Duiksilinders moet nie 200 'bar' oorskry nie. Geen 300 'bar' duiksilinders mag deur SANSSU gebruik word nie

.

**Volmaak van gewere**

50. Die gewere wat SANSSU in die Sporterklas gebruik het nie 'regulators' nie en moet nie hoër as **170** 'bar' gepomp word nie en moet nie gebruik word as die druk onder **100** 'bar' daal nie.
51. Maak seker duiksilinderkoppelings is vas en in goeie toestand.
52. Daar moet ‘n staal omhulsel om die klep en kraan gedeelte van die duiksilinder wees in geval van ‘n ongeluk.
53. Maak voorsiening vir 'n pyp wat kan bars of loskom...maak seker dat jou hande en lyf uit die pad uit is sou so iets gebeur.

**Koeëlvanger**

54. Maak seker dat jy na 'n veilige koeëlvanger skiet.
55. Die dikte van 'n staal koeëlvanger moet nie minder as 3mm wees nie.
56. Die agterste plaat wat die koeël vang moet nie minder wees as 73 Ø gemeet as 'n hoek van die horisontaal. Amper reghoekig teenoor die patron trajek!!! Die energie van die koeëltjie word dan geabsorbeer. 'n Skuinsplaat absorbeer nie energie nie en dan kan die koeëltjie gevaarlik terugspring. As koeëls terugspring moet daar onmiddelik ondersoek ingestel word

**Wegdoen van “pellets”**

57. **Lood** moet versigtig hanteer word en hande moet na elke skietoefening behoorlik met seep gewas word.
58. Lood moet gereeld uit die skietkaste verwyder word en op die voorgeskrewe manier ontslae van geraak. Gewoonlik verkoop skole dit aan skrothandelaars.

**Aankoop van gewere**

59. Dit is jou verantwoordelikheid om toe te sien dat jou geweer wettig is volgens SANSSU se regulasies.
60. Maak seker voordat jy 'n geweer koop vir gebruik in SANSSU aktiwiteite dat die geweer deur SANSSU goedgekeur is.

PDF Created with deskPDF PDF Writer - Trial :: http://www.docudesk.com

**Luggewere is nie speelgoed nie en is gevaarlik!!!!**

PDF Created with deskPDF PDF Writer - Trial :: http://www.docudesk.com